



Verwysing: 20210413-2186
Lêerno.: 12/12/10/2
Navrae: D.D. Louw

Inrigtingsbestuur-en-beheerbeplanningminuut: 0002/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van openbare skole

Onderwerp: Riglyne oor die eerste vergadering van die nuutverkose beheerliggaam en vaslegging van lede se profiele

1. Ingevolge Regulasie 31 van die *Regulasies op Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2021*, soos in *Buitengewone Provinsiale Koerant No. 8398* van 12 Maart 2021 gepubliseer, moet die prinsipaal wat die amptelike verteenwoordiger is van die Hoof van die Departement wat op die beheerliggaam dien, die eerste vergadering van die nuutverkose beheerliggaam belê en voorsit. Dit moet geskied binne vyf dae nadat hy of sy skriftelik deur die skoolkiesbeampte in kennis gestel is van die name en adresse van die persone wat as lede van die beheerliggaam verkies is.
2. Neem asseblief kennis dat die doel van die eerste vergadering is om die ampsdraers van die beheerliggaam te kies en die ondertekenaars vir finansiële aangeleenthede te bepaal. Ondertekenaars moet binne sewe dae na die eerste vergadering van die beheerliggaam tekenregte gegee word. Regulasies 2(1), (2), (3), (4) en (5) van die genoemde dokument bepaal dat slegs 'n ouerlid van 'n beheerliggaam met stemregte as voorsitter of ondervoorsitter van die beheerliggaam mag dien. In die omstandighede waarna in Regulasie 2(6) verwys word, mag enige lid van die beheerliggaam as voorsitter of ondervoorsitter dien, buiten die prinsipaal, 'n opvoeder, nieopvoeder, of leerder by daardie skool. Enige stemgeregtigde lid van die beheerliggaam, buiten die prinsipaal, mag as ampsdraer dien. 'n Voorgestelde agenda vir die eerste vergadering van die nuutverkose beheerliggaam word aangeheg om prinsipale te help met die uitvoer van 'n suksesvolle vergadering en om die hoofdoel van hierdie belangrike vergadering aan nuutverkose beheerliggaamlede te verduidelik.

3. Prinsipale word vriendelik versoek om te verseker dat die persoonlike besonderhede van alle verkose of aangestelde lede van nuwe beheerliggame direk op SOBIS vasgelê word. Die inligting moet onmiddellik na die nuwe beheerliggaam se eerste vergadering vasgelê word. Die vaslegging moet deur die administrasieklerk by die skool gedoen word, vir korrektheid geverifieer en deur die prinsipaal afgeteken word.
4. Toegang tot die beheerliggaamdatabasis op SOBIS sal aan die distrikskiesbeampte gegee word, wat die vasgelegde inligting sal verifieer deur dit met die inligting wat deur die skoolkiesbeampte verskaf is, te vergelyk nadat die beheerliggaamverkiesing suksesvol afgehandel is. Alle openbare skole se beheerliggaamprofile moet teen 30 Mei 2021 vasgelê en afgeteken word.
5. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle nuutverkose beheerliggaamlede.

GETEKEN: HA LEWIS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING

DATUM: 2021-04-20